S·E·E·D
BENEFIT CONSULTING cc
AN AUTHORISED FINANCIAL SERVICES PROVIDER

SEED SAMBREEL-BEGRAFNISSKEMA

ONDERSKRYF DEUR SAFRICAN

Seed Benefit Consulting stel met trots bekend 'n verpersoonlikte en uitkomsgedrewe benadering vir 'n werkgewer-begrafnisvoordeelskema.

Die Seed Sambreelbegrafnisskema is 'n werkgewer-begrafnispakket wat aan deelnemende werkgewers van die middele voorsien om aan hulle werknemers, hetsy permanent of seisoenaal, 'n begrafnisvoordeel te bied.

Die Sambreelbegrafnisskema bestaan uit 'n verskeidenheid planne wat dekking bied teen bekostigbare premies.

Let asseblief daarop dat hierdie reëling, om begrafnisdekkking aan u werknemers/werkers onder die skema te bied, slégs vir die hooflid geld. Geen dekking word aan familielede voorsien nie. Indien beide man en vrou of hulle kinders by u werk, kan hulle egter as individue aan die skema deelneem op die voorwaarde dat hulle aan die kwalifiseringsvereistes te voldoen.

Kwalifiseringsvereistes -

- Hulle permanente of seisoenwerkers is wat op u salaris- of loonlys verskyn.
- Hulle voldoen aan die minimum en maksimum intree-ouderdom naamlik minimum intree-ouderom 18 en maksimum intree-ouderdom 64.
- Die premiebetaling deur die werkgewer gedoen word vir die hele personeel deur middel van elektroniese fondsoordrag.
- Betaling geskied 6-maandeliks.
- Opbetaalde opsies is nie beskikbaar onder hierdie skema nie.

Dekking word beëindig wanneer die werknemer/seisoenwerker ouderdom 65 bereik of wanneer daar nie meer premies ten opsigte van sodanige persoon betaal word nie.

Die onderstaande tabel dui die huidige planopsies en 6-maandelikse premies aan.

Dekkingkategorie – slegs hooflid	Opsie A	Opsie B	Opsie C	Opsie D	Opsie E	Opsie F	Opsie G
Dekkingsbedrag	R 5,000	R 7,500	R 10,000	R 15,000	R 20,000	R 25,000	R 30,000
Premie (Ses-maandeliks)	R 38.46	R 57.66	R 76.92	R 100.20	R 133.80	R 169.00	R 200.80

- Hooflede mag nie gedupliseer word onder dieselfde polis nie. 'n Versekerde persoon mag nie meer as een keer onder dieselfde polis verseker word nie.
- **Beide seisoen- en permanente werkers** kwalifiseer vir deelname aan die skema.
- Kinders onder die ouderdom van 18 mag nie aan die skema deelneem nie.
- Besonderhede van die versekerde moet aan Safrican voorsien word wanneer die persoon by die skema aansluit.
- Die tydige betaling van premies is belangrik en kan die onderskrywer se vermoë om eise te betaal, beïnvloed. Safrican sal gevolglik nie aanspreeklik gehou word vir eise waarvoor daar geen premies ontvang is nie.

Kontak ons vir meer inligting: Lidia Nunes / Lerenchia Geldenhuys – 021 913 3900
lidia@seedbc.co.za / lerenchia@seedbc.co.za